27.10 RAPPORT 10: DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – SAMEWERKING MET SUSTENTASIEDEPUTATE (Art 212)

27.10 REPORT 10: DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTRIES – COLLABORATION WITH SUSTENTATION DEPUTIES (Art 212)

A. Ds AJ Burger stel die Rapport.
Rev AJ Burger tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag Acta 2015:517, 6.4.5. 6.4.5 Om in samewerking met die SBTB en in die lig van nuwe navorsing wat aan die lig mag kom, verdere verdieping van die kerkgroeibediening te ondersoek, volgende vlakke van implementering voor te stel en die Sinode daaroor te adviseer". **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Mandate** Acta 2015:517, 6.4.5. "6.4.5 Focusing on new insights and possibilities as the work of the Church Growth deputies is implemented. Explore the further deepening of the church growth ministry, suggest the next levels of implementation and advise the Synod accordingly in cooperation with the CMTG and in reference to new research that may come to light". **Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 Uit die werk en ander Rapporte van Deputate Kerkgroeibediening blyk dit dat, alhoewel baie werk gedoen is en hulp aan die kerke aangebied word, kerke se deelname relatief traag is gesien die nood waarin baie kerke verkeer. Die Sustentasie Deputate het 'n bepaalde Reglement waarvolgens hulle aansoeke oorweeg. Deel hiervan is dat kerke eers moet aandui watter bedieningsplan hulle in plek het om hul bedienings om te draai en groei te bewerk. Na oorleg met van die Sustentasie Deputate blyk dit egter dat daardie planne en die opvolg daarvan dikwels nie effektief is of effektief opgevolg word deur die Kerkrade nie. Die Sinode het reeds grondige studie gedoen oor wat die beginsels van kerkgroei sou wees, wat die problematiese en selfs sondige elemente in ons kerklike praktyke behels wat roep om bekering en hoe, by wyse van o.a.	2.1 From the work done by the Deputies Church Growth Ministry, it appears that, although much work has been done and assistance offered to churches, participation by the churches are relatively slow considering the need of many churches. The Sustentation Deputies has specific Rules according to which they consider applications for funds. Part of this is that churches must first indicate the ministry plan they have in place to turn their ministry around and grow. However, after consultation with the Sustentation Deputies, it appears that those plans and their follow-up are often not effective or are not effectively followed by the Church Councils. The Synod has already done a thorough study of what the principles of church growth would be, which involve the problematic and even sinful elements in our church practices calling for repentence and how, through, among

die NCD meetinstrument, kerke kan begin werk aan groei in hulle bediening. Dit sou daarom sinvol wees indien die Sustentasie Deputate en die Kerkgroeideputate in hierdie verband hande kan vat om saam te werk om kerke enersyds met nodige fondse vir bediening maar andersyds ook met die nodige leiding en toerekenvatbaarheid te kan bystaan. **Besluit: Kennis geneem.**	others, The NCD measuring instrument, churches can start working on growth in their ministry. It would therefore be sensible if the Sustenation Deputies and the Church Growth Deputies could take hands in this regard to work together to assist churches with the necessary funds for ministry, but also with the necessary guidance and accountability. **Decision: Noted.**
3. Aanbevelings 3.1 Dat die Kerkgroei Deputate in samewerking met die betrokke Klassisse 'n werkswyse daarstel om te verseker dat kerke wat sustentasie van die kerkverband ontvang, gebruik maak van die dienste van die OBTB (Expando). **Besluit: Goedgekeur (wysiging alreeds aangebring – Deputate Handelinge).** 3.2 Dat hierdie werkswyse sou insluit dat die OBTB (Expando) by wyse van vorderingsverslae advies aan die Sustentasie Deputate sou gee vir hulle oorweging van Sustentasie aansoeke. **Besluit: Goedgekeur.**	**3. Recommendations** 3.1 That the Church Growth Deputies, in collaboration with the involved Classes, develop a mechanism for ensuring that churches who receive sustenance from the churches also make use of the services of the OBTB (Expando). **Decision: Approved (amendment already added – Deputies Acta).** 3.2 That this mechanism would include that the OBTB (Expando) would give advice to the Sustentation Deputies by way of progress reports, for their consideration of Sustentation applications. **Decision: Approved.**